KLEIN FONTEINTJIES

KLEUTERSKOOL & BABASENTRUM

NURSERY SCHOOL & BABY CENTER

# MEER OOR ONS

Klein Fonteintjies Kleuterskool het sy deure geopen in 1997 en is ons baie trots op ‘n puik skool.

Daar heers ‘n huislike en persoonlike atmosfeer onder die personeel, kleuters en ouers. Dit is vir ons belangrik om elke kleuter tot sy/haar volle potensiaal te ontwikkel op liggaamlike en emosionele vlak.
Ons werk nie net by Klein Fonteintjies nie maar het ook baie pret!

Gekwalifiseerde personeel bied die klasse op ‘n interresante en informele wyse aan. Die

NKR asook KABV leerprogramme word toegepas in die klasse soos voorgeskryf deur die Departement van onderwys.

Die klasse is goed ingerig met genoeg ruimte vir speel en leer. Alle klasse is toegerus met die nodige opvoedkundige speelgoed om die kleingoed te vermaak. Ons volg ook ‘n streng roetine in die klas om te verseker dat alle leerareas gedek word.

Die speelterrein is veilig en kleutervriendelik met genoegsame klimapparaat om die grootspiere te ontwikkel.

Die jonger maats maak gebruik van hul eie speelarea wat afgeskei is van die groter maats en is aangepas vir hulle veiligheid.

Ons gaan kuier ook gereeld by die Laerskool en speel lekker op hulle rugbyveld wat ‘n direkte toegang het vanaf die Kleuterskool se perseel.

Christelike waardes word gehandhaaf by die kleuterskool en word daar ook elke dag ‘n Bybelles aangebied in die klas.



KUIKENS (van 3 maande)

Ons Babasentrum is goed ingerig volgens die standaarde van die gesondheidsdepartement. Dit is 'n pragtige, ruim en sonnige lokaal met oorgenoeg toebehore om die kleingoed te stimuleer en besig te hou. Liefdevolle en goed opgeleide personeel met jarelange ondervinding versorg die babatjies daagliks en glo aan liggaamlike kontak m.a.w baie, baie drukkies en liefde. Personeel is ook opgelei in noodhulp dus kan ouers hul kleingoed met 'n geruste hart in ons bekwame hande laat. Babas word deurentyd gemonitor en aantekeninge word in baba se boekie gemaak, sodat Mamma en Pappa ten alle tye weet wat alles by die skool gebeur het. Streng maatrëels word toegepas met higiëne en siektes, alleenlik "Milton"word gebruik vir ontsmetting asook vir die was van vloere en toebehore. Word ouers onmiddelik gekontak indien die maatjies siek word.

Buitemuurse aktiwiteit – Babynastix (Opsioneel)

- Aparte kombuis & omruilarea
- Hokkies vir elke baba se benodighede
- Oorgenoeg speelgoed om die kleingoed te ontwikkel en te stimuleer
- Musiek, stories en ontwikkelingsprogram
- Buitespel elke dag, behalwe in die winter (aparte speelarea)
- Bababedjie vir elke baba
- Sentrum verskaf basiese beddegoed wat daagliks omgeruil word.
- Babatjies volg ook 'n roetine bv, speel-, slaap-, en etenstyd.
- Kommunikasie d.m.v boekies, persoonlike boodskappe en foto's deur die loop van die dag.



## GOGGA KLAS (18 – 24 maande)

Ons peutertjies is besige klein lyfies en word konstruktief besig gehou met sensoriese- en ontdekkingsspel. Die NKR en ELDAS word daagliks toegepas in die klassies om te verseker dat hulle op alle gebiede ontwikkel en floreer. Dit beteken baie buitespel, groot- en kleinmotoriese aktiwiteite asook sand- en waterspel.

Buitemuurse aktiwiteite (opsioneel) – Monkeynastix, Tumbling Tigers & MusicBox

- Gekwalifiseerde onderwyseres
- Assistent
- Ruim klaskamers
- Ouderdomstoepaslike opvoedkundige speelgoed en apparat
- Aparte en ruim speelgrond
- Kommunikasieboekies
- Whatsapp groupie
- Weeklikse temabriefie
- Potjiedril vanaf 2 – jarige ouderdom
- Spesiale aktiwiteite – piekniek, instappies, Bak & Brou, "Dressing-up'', ens.'
- Kwartaalikse ontwikkelingsverslae
- Oueraande



HASSIE KLAS (2 – 3 Jaar)

Ons is besig om groot te word en begin om meer belangstelling te toon in die klasaktiwiteite en geniet dit om nuwe dinge te leer. Potloodgreep en hantering van die skêr word weekliks ingeoefen en geniet hulle dit om klei, karton en tydskrifte te knip. Sensoriese aktiwiteite is 'n groot lekkerte en geniet hierdie groepie dit om buite te speel. Klim, hardloop, swaai is heerlik en leer hulle so baie deur net buite te speel. Buitespel ontwikkel hul groot- sowel as kleinspiere, balans, koördinasie en middellynkruising. Hul sosiale vaardighede ontwikkel deurlopend deur vry- en fantasiespel en leer hulle onbewustelik om probleme en konflik op te los. Juffrou beplan weekliks leer-deur-speel lessies en sluit die aktiwiteite aan by wiskunde-, taal- en lewensvaardighede. Elke maat het ook 'n klaslêer vir hul spogwerk en word aktiwiteite soos teken, knipwerk, vorms, kleure, inkleur ens hierin geplaas. Ons spog vreeslik graag by mamma en pappa met hierdie lêers!

Die Hasies kan inskryf vir die volgende Buitemuurse aktiwiteite: Rugby, Ballet, Monkeynastix, Tumbling Tigers, Rekenaars & MusicBox (Opsioneel)

- Onderwyseres en assistent
- NKR leerprogram word toegepas
- Ruim klaskamer
- Eie speelgrond en eetarea
- WhatsApp groep
- Weeklikse Temabrief
- Meer erns word gegee aan potjiedril en poog ons om al die maats teen die einde van elke jaar volkome van die doeke, bottels en fopspene af te hê.
- Opvoedkundige instappies en spesiale aktiwiteite word kawartaaliks aangebied.
- Kwartaalikse vorderingsverslae en Oueraande



## HONDJIE, UIL & BYTJIE KLAS (SENIOR AFDELING (3 – 6 JAAR))

Die maats het nou die ouderdom bereik waar hulle vir langer periodes kan konsentreer, daarom is hulle ringe langer as by die junior afdeling. Daar word voortgegaan met liggaamlike-, emosionele-, sosiale- en skolastiese ontwikkeling van die kleuter. Daar word ook baie gefokus op selfstandigheid en leer die maatjies om dinge vir hulself te doen. Eie kreatiwiteit in hul kunswerk is belangrik en word hulle aangemoedig om 'n oplossings te vind vir probleme. Liggaamlike ontwikkeling word voordurend ingeoefen om sodoende die grootspiere te versterk. Potloodgreep en die gebruik van die skêr is ook baie belangrik en word daar daagliks aktiwiteite aangebied vir die inoefening daarvan. Wiskunde bv. vorms, konsepte, groepering en tyd word ingeoefen op 'n konkrete wyse. Taal is ook baie belangrik en streef ons om suiwer Afrikaans by die skool te praat om sodoende 'n sterk fondasie te lê rondom taalvaardighede en ook die maats se woordeskat uit te brei. Die daaglikse leerprogram voorsien aparte ringe vir taal, wiskunde, en lewensvaardighede. Die jonger maats volg die NKR leerprogram wat aansluit by die KABV.

Senior maats kan inskryf vir die volgende buitemuurse aktiwiteite: Swem, Monkeynastix, Tumbling Tigers, Ballet, Rugby, Rekenaars, Swem, Karate, Abacus Wiskunde – Opsioneel (Ons beveel aan dat alle Gr RR & R maats inskryf vir Abacus Wiskunde, Rekenaars en swem. Hulle vind ongelooflike baat by die wiskundelesse en is dit ook belangrik dat die maats reeds kan swem in die jaar wat hulle laerskool toe gaan)

- Gekwalifiseerde onderwyseresse
- Klein klassies vir optimale onderrig en aandag
- Goed toegeruste klasse met alle nodige opvoedkundige apparaat
- Werksboeke & Persepsieleêrs
- Aparte speelgrond waar kleuters hulself kan uitleef tydens buitespel
- Dissipline en waardes word toegepas in die klasse
- Gereelde uitstallings van klaswerk, boeke en leers
- WhatsApp groepe
- Weeklikse temabriewe
- Opvoedkundige instappies en spesiale aktiwiteite

KLEUTERSKOOL & BABASENTRUM





ANDER DIENSTE:

- Jaarlikse gehoor-, spraak- en visuele siftings
- Ontbyt, middagete en versnapperinge
- Vakansieskool met opwindende program is ingesluit by die skoolfooie
- Kleuterskool sluit slegs een keer per jaar gedurende die desember/januarie periode
- Jaarlikse konsert, ouma & oupadag, moeders- en vadersdag
- Sekuriteitswag
- Kringtelevisie op die perseel, parkeerarea en klasse

## Kontak ons vir n' afspraak! 072 908 4454 / 072 909 1456

Besoek ons Facebook https://www.facebook.com/kleinfonteintjies/









KLEIN FONTEINTJIES